Vrydag **12 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-13 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 55:3**

**God se verbond met ons staan vir ewig vas**

Jesaja 55 sluit die gedeelte af wat by Jesaja 40 begin het, met ’n besondere boodskap vir die ballinge in Babel. Die hele gedeelte wil die ballinge troos met die boodskap dat daar vir hulle uitkoms sal wees uit die ellende van die ballingskap. In die gedeelte van Jesaja 40-55 kom die woord “verbond” net vier keer voor. Veral Jesaja 54:10 is belangrik. Dit verwys na ’n vredesverbond. Jesaja 55:3 is die enigste plek in die gedeelte wat verwys na ’n ewige verbond wat die Here met die volk gaan sluit. Dit is ’n baie belangrike belofte. Die volk het in ballingskap gegaan omdat hulle die verbond met die Here verbreek. Dit was hulle straf. Tog is dit nie die einde van God se pad met hulle nie. Daar kom ’n nuwe verbond, ’n ewige verbond. Jeremia praat ook van hierdie verbond in Jeremia 31:31-34. Dit sal ’n verbond wees wat op die volk se harte geskryf sal staan. Hierdie verbond bou op die beloftes wat God aan Dawid gegee het in 2 Samuel 7.

Hierdie ewige verbond het vir ons werklikheid geword toe God sy Seun na die wêreld gestuur het. Hy het gedoen wat ons nie kon nie, om die straf op die sonde vir ons te dra. So het ons ook deelgenote van hierdie nuwe verbond geword. Die doop maak dit op ’n besondere wyse aan ons duidelik. Hierdie verbond gee aan ons die sekerheid van God se genade, en roep ons op om uit hierdie genade te leef tot God se eer.

*Sing: Psalm 89-1:2*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*